HOËRSKOOL

MARTIE DU PLESSIS

HIGH SCHOOL

BELEID: SKOOLDRAG

Inhoud

BELEID: SKOOLDRAG 2

Kleuters 2

Graad 1-11: Dogters 2

Graad 1-11: Seuns 4

Graad 12: Seuns en Dogters 5

Boeksakke: Baie belangrik 5

Hulpmiddels 5

Leweransiers 5

Sportdrag 6

Klerebank 6

BELEID: SKOOLDRAG

Die meerderheid van die skooldrag is generies van aard en kan by enige klereverskaffer aangekoop word. Die enigste klere wat wel eie aan die skool is, is sweetpakke en sportklere.

Make a Price (051 444 1420), vlakkies@mweb.co.za is die amptelike verskaffers van ons skooldrag en sportdrag.

Kleuters

Gemaklike klere van u eie keuse word toegelaat vir die kleuters. Dit sal egter baie waardeer word indien die klere maklik kan aan- en uittrek. Vermy asseblief klere met ritssluiters en speelpakkies wat slegs op die skouers vasmaak, aangesien dit aan- en uittrek bemoeilik. In die somer mag die kleuters kaalvoet skool toe kom, behalwe waar hulpmiddels voorgeskryf is. Die skool se blou sporthempie word in die somer gedra vir Vrydae se saal en met uitstappies. In die winter word die skoolsweetpak-baadjie gedra.

Belangrik: Alle kledingstukke en toerusting (bv. skoene, ens.) moet duidelik gemerk wees.

Graad 1-11: Dogters

Somer: Geruite broekrompie

Wit kortmou-oopslaankraagskoolhemp met oortrektrui (verpligtend vir Graad 4-11)

Swart skoolskoene met wit sokkies (Graad 1-6 mag kaalvoet loop)

Winter: Geruite broekromp met swart broekiekouse of grys skoollangbroek (meisiesnit)

Wit langmouskoolhemp met koningsblou skooldas en skooltrui of skooloortrektrui (verpligtend)

Vlootblou kleurbaadjie met skoolwapen (moue mag nie opgestoot word nie)

Swart skoolskoene met swart broekiekouse/“tights”

Skool-“beanie” (swart met skoolwapen) en grys serp mag gedra word

Geen “beanies” word in die klas toegelaat nie

Swart of vlootblou handskoene is toelaatbaar

Swart “fleece”-komberse is slegs toelaatbaar vir leerders in rolstoele

Saalperiode en spesiale geleenthede:

Leerders moet verkieslik die vlootblou kleurbaadjie met wapen en skooldas dra.

Ander inligting:

Hare: Dogters

- Hare moet skoon, versorg en netjies wees.
- Geen vreemde of onkonvensionele haarstyle nie.
- Gewone style wat by ‘n skooldogter pas, word aanbeveel – dit wil sê eenvoudige haarstyle wat maklik netjies gehou kan word.
- ‘n Lang kuif word vasgesteek of teruggekam. Waar ‘n kuif op die voorkop gedra word, mag dit nie aan die wenkbroue raak nie en moet dit heeldag netjies kan bly. Geen los slierte langs die gesig nie.
- Lengte van hare: Hare langer as die onderste deel van die hempskraag (agter die kop), word vasgebind. Haarlinte / “schoolbuffs” of rekkies (wit, blou of swart) en haarknippies (goud, silwer, swart of blou) mag gedra word. Die skoolkopband of gewone swart kopband mag gedra word. Geen ander versierings word toegelaat nie.
- Verlengings wat slegs parallel loop vanaf die voorkop na die agterkant van die kop, mag gedra word, met geen los punte nie. Dit moet netjies vasgemaak word.
- Hare mag nie gekleur word nie.

Grimering, juwele en naels:

- Geen grimering word toegelaat nie.
- Naels moet netjies, goedversorg en prakties wees, en mag nie by die vingerpunte verbysteek nie. Alleenlik kleurlose naellak word toegelaat.
- Slegs een oorringetjie (nie groter as R1-stuk) of een “stud” (goud/silwer met geen steentjies of pêrels nie) per oor (in belletjie) word toegelaat. Geen nekhangertjies of ringe word toegelaat nie. Slegs mediese kettings word toegelaat. Koshuisleerders se sleutels wat om die nek gedra word, moet nie sigbaar wees nie.
- Geen tongringe of enige vorm van “Body Piercing” is toelaatbaar nie.
- Tatoeëermerke mag nie sigbaar wees nie en leerders mag nie op hulleself skryf of teken nie.

Lengte van broekrompie

- Die broekromp mag ‘n maksimum van 8 cm bo die knie wees, wanneer in ‘n knielende posisie gemeet word.

Graad 1-11: Seuns

Somer: Grys kortbroek of grys langbroek met swart gordel (belt) met ‘n gewone gespe (“buckle”)

Swart skoolskoene met lang grys kouse (Gr 1 tot 6 mag kaalvoet loop)

Wit oopslaankraag-kortmouhemp of langmouhemp (moue opgerol)

Winter: Grys skoollangbroek met swart belt met ‘n gewone gespe (“buckle”)

Wit langmouhemp met skooldas

Vlootblou kleurbaadjie met skoolwapen (moue mag nie opgestoot word nie)

Blou skooltrui of oortrektrui

Swart skoolskoene met veters (bv. Toughees of Buccaneers) met lang grys kouse

Skool-“beanies” (swart met skoolwapen) en grys serpe

Geen “beanies” word in die klas toegelaat nie

Geen T-hemp wat uitsteek of deurskyn, mag onder die hemp gedra word nie.

“School buffs” mag as ‘n alternatief vir ‘n serp gebruik word

Saalperiode en spesiale geleenthede:

Leerders moet verkieslik die vlootblou kleurbaadjie met wapen en skooldas dra.

Ander inligting:

Hare:

Geen vreemde, onkonvensionele of modehaarstyle word toegelaat nie.

- Hare moet skoon, versorg en netjies wees.
- Kort om ore en twee vingers (2 cm) weggeskeer agter in nek.
- Kuif mag nie in oë hang nie.
- Hare mag nie gekleur word nie.
- Kleurlose haarjel mag gebruik word indien hare nie in ‘n teenoorgestelde rigting as wat dit gewoonlik lê, gedwing word nie en nie langer as 2 cm is nie.
- Geen patrone mag in die hare gesny word nie.

Baard:

- Seuns moet te alle tye skoon geskeer wees. Uitsonderings word toegelaat t.o.v. geloofsoortuiging wat deur die beheerliggaam goedgekeur is.
- Wangbaard (“sidies”) mag nie langer as die middel van die oor wees nie.

Juwele en naels:

- Naels moet netjies, skoon, goedversorg en kort wees en nie by vingerpunte verbysteek nie.
- Geen juwele is toelaatbaar nie. Geen armbande mag gedra word nie (silwer, rubber, leer, ens.). Slegs mediese kettings word toegelaat. Koshuisleerders se sleutels om nek moet nie sigbaar wees nie.
- Geen tongringe of enige vorm van “body piercing” is toelaatbaar nie.
- Tatoeëermerke mag nie sigbaar wees nie en leerders mag nie op hulleself teken nie.

Graad 12: Seuns en Dogters

Matriekdrag: Vlootblou oortrektrui/langmoutrui

Vlootblou kleurbaadjie met skoolwapen en koord/omboorsel (moue mag nie opgestoot word nie)

Matriekdas (Seuns dra das in die winter en somer, dogters slegs in die winter)

Dogters dra ‘n turkoois romp met swart skoolskoene en wit sokkies en vlootblou (navy) “tights” in die winter

Grys serp

Hare: Turkoois, vlootblou of wit rekkies/linte of kopband

Saalperiode en spesiale geleenthede:

Seuns: Vlootblou kleurbaadjie met skoolwapen en das is verpligtend.

Dogters: Vlootblou kleurbaadjie met skoolwapen (das is slegs in winter verpligtend).

Boeksakke: Baie belangrik

- Netjiese skooltasse en rugsakke (Geen slordige rugsakke sal toegelaat word nie).
- Leerders mag ‘n tas met wiele hê.

Hulpmiddels

Let wel: Leerders wat hulpmiddels soos opgeboude stewels, mediale boogstutte, enkel-voet ortoses (spalkies), langbeenysters of enige ander voorgeskrewe hulpmiddels benodig, **MOET** dit daagliks dra.

Leweransiers

- Skoolklere is verkrygbaar **by Make a Price en enige ander klerewinkel.**

Sportdrag

Voorgeskrewe sportdrag is beskikbaar by Make a Price of enige ander klerewinkel. **Hierdie drag is verpligtend vir alle deelnemers.** Toeskouers kan ‘n keuse uitoefen tussen skool-sportdrag of skooldrag.

Klerebank

Die skool beskik oor 'n klerebank vir tweedehandse skoolklere, maar ons voorraad in sekere items en nommers is beperk. Ons sal dit waardeer indien u enige skoolklere wat te klein is vir u kind en nog in 'n goeie toestand is, aan ons klerebank skenk. Hierdeur kan ons ook in 'n groot behoefte by sommige leerders voorsien.

BAIE BELANGRIK

Ouers word versoek om asseblief hulle samewerking te gee en te help dat ons leerders te alle tye korrek en netjies geklee is. Geen ander kledingstukke as die voorgeskrewe drag mag gedra word nie. Leerders wat herhaaldelik die klerereëls oortree, sal huis toe gestuur word om reg aan te trek. Seuns wat nie geskeer het nie, sal ook huis toe gestuur word om te skeer.